

Die inhuldiging van die Lam



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 4, Eségiël 1:5–14, Openbaring 5, Efésiërs 1:20–23, Hebreërs 10:12, Handeling 2:32–36.

Geheeteks:

“Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.” (*Openbaring 3:21*).

Die vorige visioen het Christus se boodskappe aan sy kerk op aarde uitgebeeld. Nou verskuif die visioen vanaf die aarde na die hemel, en word daar op “wat ná hierdie dinge moet gebeur” (*Openbaring 4:1*) gefokus — die toekoms. Die visioen in hoofstukke 4-5 verskaf ‘n panoramiese oorsig van die groot stryd. Soos in Openbaring 12 beeld die simboliek in hoofstukke 4-5 die geskiedenis van die plan van verlossing uit, en begin dit met die bediening van Christus op aarde. Maar, voordat die toekoms geopenbaar word, word daar ‘n vlugtige blik op Christus se inhuldiging in sy bediening in die hemel ná Gólgota, gewerp. Sodoende help hoofstukke 4-5 ons om die toekomstige gebeure in perspektief met wat in die res van die boek opgeteken is, te sien.

Let ook op dat terwyl die boodskappe aan die sewe kerke in gewone taal geskryf was, die boek van nou af simboliese taal gebruik wat nie altyd maklik is om te verstaan nie. Hierdie simboliek word uit die geskiedenis van God se volk soos dit in die Ou Testament opgeteken is, geneem. Die korrekte interpretasie van Openbaring vereis dus die korrekte begrip van die simboliese taal in die Ou Testament.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 26 Januarie.*

In die hemelse troonkamer

In Openbaring 4:1 nooi Jesus Johannes na die hemel om die panoramiese oorsig vanaf sy tyd tot Christus se wederkoms, aan hom te toon.

Lees Openbaring 4:1–8 saam met Eségiël 1:26–28. In die lig van Openbaring 5:11–14, wat kan ons leer oor die grootsheid van die hemelse troonkamer?

Die apostel het deur die oop deur in die hemelse tempel na die troon van God gekyk. Die troon simboliseer God se heerskappy en beherende outoriteit oor die skepping, terwyl die reënboog rondom die troon op sy getrouheid aan sy volk dui. Maar Satan, sy aanmatigende teenstander, het God se gesag betwis. Die kern van die twispunt in die groot stryd tussen God en Satan gaan oor wie die reg het om te regeer. Die doel van die hemelse raad wat in die hemelse troonkamer vergader het, was om eens en vir altyd die vraag oor God se regmatige heerskappy oor die heelal, reg te stel.

Lees Openbaring 4:8–11 en Openbaring 5:9–14. Wat kan ons oor ware aanbidding in hierdie verse leer? Hoekom is die Here God, volgens hoofstuk 4, waardig om aanbid te word, en hoekom, volgens Openbaring 5:9–14, is die Lam waardig?

Openbaring 4 gee 'n algemene beskrywing van die troonkamer in die hemelse tempel, en van die aanbidding wat onophoudelik daar plaasvind. Terwyl die aanbidding in hoofstuk 4 God se skeppingskrag loof, word die viering van die verlossing deur die Lam wat geslag is, in hoofstuk 5 beskryf. Dit toon dat ware aanbidding God se magtige skeppingsdade en verlossingskrag verkondig en herdenk. God, wat die wêreld in die begin geskape het, het die mag en die vermoë om dit te herstel tot die oorspronklike toestand, en om daarin 'n ewige tuiste vir sy volk te maak, en dit is alles wat Hy belowe het om te doen.

Dink na oor wat die evangelieboodskap ons leer: Die Een wat nie net ons en ons wêreld geskep het nie, maar ook die hele kosmos, was ook die “Lam wat [vir ons] geslag is” (Openbaring 5:12). Watter verstommende hoop bied dit aan ons te midde van ‘n wêreld wat met pyn en onrus gevul is?

Die hemelse byeenkoms in die troonkamer

Die beskrywing van die ouderlinge in Openbaring 4:4 toon dat hulle nie engele is nie. Die titel “ouderlinge” in die Bybel word altyd vir mense gebruik. In teenstelling met die engele wat altyd in God se teenwoordigheid staan, sit hierdie ouderlinge op trone. Die wit klere wat hulle aan het, stel God se getroue volgelingen voor (*Openbaring 3:4, 5*). Die oorwinningskroone (Grieks: *stephanoi*) op hulle hoofde word spesiaal vir die seëvierende heiliges wat oorwin het, bestem (*Jakobus 1:12*). Dit alles dui daarop dat die 24 ouderlinge verheerlikte heiliges is. Die getal 24 is simbolies: dit bestaan uit twee stalle van 12, en 12 in die Bybel is ‘n simbool van God se volk. Die 24 ouderlinge kan God se volk in totaliteit verteenwoordig wat beide die Ou en Nuwe Testamentiese tye insluit. Die getal 24 weerspieël die hoofde van die 24 afdelings van priesters wat beurte geneem het om in die aardse tempel diens te doen (*1 Kronieke 24:1–19*).

Die feit dat die 24 ouderlinge nooit vantevore in die Bybel genoem was nie, impliseer dat hulle ‘n nuwe groep in die hemelse troonkamer was. Hulle kon daar geplaas gewees het kort voor die skouspel plaasgevind het. Hulle was heelwaarskynlik die ontslape heiliges wat uit die dood opgestaan het toe Jesus gesterf het (*Matthéüs 27:51–53*). Volgens Efésiërs 4:8 het Jesus, toe Hy opgevaar het, baie gevangenes met hom saamgeneem. Die 24 ouderlinge het as verteenwoordigers van die mensdom saam met Jesus na die hemel opgevaar om God se regverdige uitvoering van die plan van verlossing as getuies waar te neem. In Openbaring 4 lees ons dat hulle, saam met die res van die aanwesiges, in die hemelse troonkamer ingelei was om Jesus te verwelkom na sy seëvierende sterwe op die kruis, en om te sien hoe Hy verhef word tot sy hemelse status na sy hemelvaart.

Openbaring 4:6–8 noem ook die vier lewende wesens. Vergelyk hulle voorkoms met die vier lewende wesens in Eségiël 1:5–14 en Eségiël 10:20–22, en ook met die Serafs in Jesaja 6:2, 3.

Die vier lewende wesens is vier verhewe engele wat as God se verteenwoordigers en die bewakers van sy troon dien (*Psalms 99:1*). Hulle vlerke dui simbolies op hulle vermoë om God se bevel vinnig uit te voer, en hulle oë dui hulle skrandtheid aan. Hulle voorkoms wat as ‘n leeu, ‘n kalf, ‘n mens, en ‘n arend beskryf word, kan gesien word dat hulle die hele skepping verteenwoordig. Deur hulle teenwoordigheid word God se hele skepping in die troonkamer verteenwoordig.

Die verseëld boek

Lees Openbaring 5:1. In die lig van Jesaja 29:11, 12 gesien, wat beteken dit dat die boek verseël was?

Die Griekse teks dui aan dat die boek op die troon aan die regterkant van die Vader gelê het. Dit het gewag vir die Een wat waardig was om dit te neem en sy plek op die troon in te neem. Volgens Ellen G. White het die verseëld boek “die geskiedenis van God se voorsienigheid en die profetiese geskiedenis van die nasies en van die kerk, bevat. Hierin was die Goddelike uitsprake, sy outoriteit, sy geboorte, sy wette, al die simboliese raad wat die Ewige gegee het, en die geskiedenis van al die regerende magte van die nasies, vervat. Die invloed van elke nasie, taal en mense, van die begin van die aarde se geskiedenis tot die einde toe, was in simboliese taal in die boek beskryf.” — Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 9, bl. 7, (vrye vertaling).

Kortliks gestel, die verseëld boek bevat die verborgenheid van God se planne om die sondeprobleem op te los, en die gevalle mens te red. Die volle besef van daardie verborgenheid sal met Christus se Tweede Koms duidelik wees (*lees Openbaring 10:7*).

Lees Openbaring 5:2–7. Hoekom is Christus die enigste een in die ganse heelal wat waardig is om die verseëld boek oop te maak en die seëls te breek?

Die krisis in die troonkamer word aan Satan se opstand gekoppel. Hierdie planeet, alhoewel dit deur God geskep was, is onder die heerskappy van die Satan wat dit onregmatig oorgeneem het. Die geween van Johannes beeld die tranes van God se volk, vanaf Adam, uit om van die slawerny van sonde verlos te word. Die verseëld boek het God se plan vir die oplossing van die sondeprobleem bevat. Daar is geen twyfel dat Hyself, met sy onmeetbare mag, daardie plan kon laat werk nie. Maar, die redding van die gevalle mens het iets spesiaals vereis, en dit was Jesus wat “oorwin” het, wat waardig was om die boek oop te maak en die heerser van hierdie aarde te word, en om ons Middelaar in die hemelse heiligdom te word.

Hoe kan ons leer om Jesus in die allereerste plek in ons Christelike ondervinding te hou?

Die inhuldiging van die Lam

Lees Openbaring 5:8–14 saam met Efésiërs 1:20–23, en ook Hebreërs 10:12. Wat sê almal wat hier genoem word, wat ons groot hoop en vertroosting, in ‘n wêreld wat so min van albei aanbied, gee?

Toe Christus, die Lam, die troon nader, het Hy die boek geneem. Met hierdie handeling het Hy volle heerskappy en soewereiniteit ontvang (*lees Efésiërs 1:20–22*). Op daardie oomblik het die ganse heelal Christus se regmatige heerskappy oor die aarde erken. Wat Adam verloor het, het Christus herwin.

Toe Christus die boek neem, was die ganse mensdom se toekoms in sy hande geplaas. Die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge het voor Hom neergeval en Hom aanbid, soos dit in Openbaring 5:9 opgeteken is: “ ‘U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag ... ’ ”. Hierdeur het die verhewe engele en die verteenwoordigers van die verlore mensdom, Christus se offer namens die mens, bekragtig. Deur sy bloed het Hy die prys vir die gevalle mensdom betaal, en bied nou aan hulle al die hoop van verlossing en die belofte van ‘n ondenkbare toekoms.

Die ontelbare getal engele sluit nou aan by die vier lewende wesens en die ouderlinge rondom die troon, en sing lofprysinge tot die nutgekroonde Koning: “ ‘Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof’ ” (*Openbaring 5:12*).

Die hele skepping in die hemel en op die aarde gee nou koninklike verering aan beide die Vader en aan Christus: “ ‘Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!’ ” (*Openbaring 5:13*). Hulle lofpysing word met ‘n “ ‘Amen’ ” deur die vier lewende wesens begroet, en deur die 24 ouderlinge wat neerval en Hom aanbid, om sodoende die luide viering in die hemelse troonkamer af te sluit.

Die fisici spekuleer dat die heelal eendag òf sal uitbrand en inmekaar tuimel, òf uitmekaar sal spat. Watter kontras word daar nie in die Woord van God vir die toekoms aangebied nie! Hoe kan ons nou reeds ons oor die toekoms wat op ons wag, verheug?

Die betekenis van Pinkster

Openbaring 5 beskryf een van die mees beslissende gebeurtenisse in die geskiedenis van die plan van verlossing: die troonbestyging van Christus as Koning en inhuldiging as Priester in die hemelse heiligdom ná sy Gólgota-bediening. Deur sy plek op die hemelse troon aan die regterkant van die Vader in te neem (*Hebreërs 12:2, en ook Openbaring 3:21*), word Christus in staat gestel om die verlossingsplan ten volle te verwesenlik. Hy is ook ons Middelaar in die hemelse heiligdom, en deur Hom het die gevalle mensdom vrye toegang tot God, en vind hulle vergifnis vir hulle sondes.

Lees Handeling 2:32–36 en Johannes 7:39. Hoekom was dit belangrik dat Jesus eers in die hemel ingehuldig moes word voordat die Heilige Gees uitgestort kon word? Hoekom kon die Gees nie op die dissipels voordat Jesus ingehuldig was, uitgestort geword het nie?

Die verheerliking van Christus in die hemelse heiligdom het tot gevolg gehad dat die Heilige Gees op die dissipels neergedaal het. Openbaring 5:6 noem die sewe Geeste wat “uitgestuur is oor die hele aarde”. Die sewe Geeste dui die volheid van die werksaamheid van die Heilige Gees in die wêreld aan. Waar die Heilige Gees voorheen gereeld voor die troon was (*sien Openbaring. 1:4, 4:5*), was Hy met Christus se inhuldiging na die aarde gestuur. Hierdie sending van die Heilige Gees word met die inhuldiging van Christus ná sy Gólgota-bediening, verbind. Dit beteken dat Jesus voor die Vader verskyn het en dat sy offer namens die mensdom aanvaar was.

“Christus se hemelvaart was die teken dat sy volgelinge die beloofde seën sou ontvang . . . Toe Christus die hemelpoorte binnegaan, is Hy te midde van die aanbiddende engele tot die troon verhef. Sodra hierdie plegtigheid afgehandel was, het die Heilige Gees in ryke strome op die dissipels neergedaal en is Christus in werklikheid verheerlik met die heerlikheid wat Hy van alle ewigheid af by die Vader gehad het. Die uitstorting tydens die Pinksterfees was die Hemel se boodskap dat die inhuldiging van die Verlosser voleindig was. Ooreenkomstig sy belofte het Hy die Heilige Gees van die hemel af na sy volgelinge gestuur as teken dat Hy as priester en koning alle gesag in die hemel en op die aarde ontvang het en die Gesalfde oor sy volk was.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 38, 39.

Lees Hebreërs 4:16 en 8:1. Hoeveel hoop en bemoediging vind ons in die feit dat Jesus op die hemelse troon as ons Koning en Priester sit? Hoe beïnvloed hierdie feit jou daaglikse lewe, asook die onsekerheid van jou toekoms op aarde?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “ ‘Na My Vader en julle Vader,’ ” bl. 829–835, in *Die Koning van die Eeue*; “Die Gawe van die Gees,” bl. 47–56, in *Die Handeling van die Apostels*. Die boodskap van Openbaring 4–5 is veral vir God se volgelinge wat aan die einde van die aardse geskiedenis lewe, belangrik. Die koms van die Heilige Gees tydens Pinkster het die begin van die verkondiging van die evangelie aangedui; die kernboodskap was Jesus wat die hemelse troon bestyg het as Koning en Priester. Dit was die middelpunt van die vroeë Christelike geloof (*Hebreërs 8:1*) en die hoeksteen van hulle prediking (*Handeling 2:32–36; 5:30, 31*). Hierdie waarheid was hulle motivering en die bron van hulle geloof en moed terwyl hulle vervolging en moeilike lewensomstandighede die hoof moes bied (*Handeling 7:55, 56; Romeine 8:34*). As gevolg hiervan het baie mense op hulle prediking gereageer. Vanaf daardie oomblik, en deur die teenwoordigheid van Jesus deur die bediening van die Heilige Gees, was die koninkryk van God geopenbaar, en word dit nog steeds gedoen. Ons moet nooit vergeet dat dit net die goeie nuus van verlossing in Christus is wat die mense se harte kan bereik en verander, en mense kan lei om op die ewige evangelie se oproep om God te vrees, Hom eer te gee, en Hom te aanbid, te reageer (*Openbaring 14:7*). Ons enigste hoop is op ons Verlosser wat ons Koning en Priester in die hemelse heiligdom is. Hy is met sy volk, en Hy sal altyd saam met hulle wees tot die einde (*Matthéüs 28:20*). Hy hou die toekoms in sy hande. Daarom, laat ons onthou en nooit vergeet nie, dat deur die kern van die evangelie in gedagte te hou, die sukses van die verkondiging van die finale boodskap aan die verlore nes en lydende mensdom, sal verseker. Niks anders is so belangrik as die kruis, en wat dit ons oor God leer nie.

Vrae vir bespreking:

1. Eendag in die hemel sal ons God loof en aanbid vir sy goedheid, sy mag, en veral sy genade. Op watter maniere kan ons, selfs nou, oefen vir wanneer daardie groot dag aanbreek? Met ander woorde, hoe kan ons met dankbare harte Hom nou aanbid en loof vir alles wat Hy vir ons gedoen het, en nog gaan doen?
2. Lees Openbaring 4:11 and 5:9. Watter twee rolle vervul Jesus hier, en hoe is beide rolle nie net belangrik vir die plan van verlossing nie, maar ook omdat die Here so waardig is om ons aanbidding te ontvang? Hoe is die Sabbat en wat dit ons leer, ‘n weerspieëling van hierdie twee wonderlike waarhede oor ons God?